# STREKE IN SUID-AFRIKA - VERLEDE vs TEORIE vs TOEKOMS

**P J Steyn**[1]

## 1 INLEIDING

Die streekbegrip in Suid-Afrika kom reeds sedert 1944 voor, toe die Sosiale en Ekonomiese Planneraad in sy Vyfde Verslag aanbeveel het dat fisiese beplanning in die land op 'n streekgrondslag moet plaasvind. Van daar af het die streekbegrip in Suid-Afrika baie ontwikkel en verskillende beelde van die land geskep tot en met die heel nuutste nege provinsies, soos dit tans voorkom.

In hierdie artikel word aandag gegee aan die historiese ontwikkeling van die streekbenadering in Suid-Afrika. Daarna word daar aandag gegee aan die streekbegrip, soos dit in Suid-Afrika aangetref word. In die derde gedeelte word die nuwe provinsies waarin die land tans verdeel is in meer detail bespreek. Vierdens word daar aangetoon hoe verskillende teoretiese modelle aangewend kan word in streekbeplanning. Die nuwe provinsies het egter ook noodwendig 'n invloed op organisatoriese reëlings van instansies wat geografies werksaam is en gaan ook in die toekoms moontlik veranderinge ondergaan. In die vyfde en sesde dele van hierdie artikel word daaraan aandag gegee.

## 2 ONTWIKKELING VAN 'N STREEKBENADERING IN SUID-AFRIKA

Tot die twintigerjare kon daar nie van 'n doelbewuste ontwikkelingsbeleid, wat fisiese beplanning betref, gepraat word nie, aangesien groeiverskille tussen streke destyds bloot die gevolg van natuurlike verskille in die inherente streekpotensiaal en groeikragte was. Sedert uniewording het die verskillende Suid-Afrikaanse regerings telkens die staatkundige en ekonomiese ontwikkeling van die onderontwikkelde en agtergeblewe gebiede as belangrike nasionale doelwitte beskou. Die wyse waarop hierdie doelwit bereik moes word, is egter telkens aangepas.

In 1913 is die vraagstuk van agtergeblewe gebiede in die RSA vir die eerste keer met die Swart Grondwet, 1913 (Wet 27 van 1913) aangespreek. Gedurende 1916 het 'n kommissie verder ondersoek ingestel na die toereikendheid van die grond vir Swartmense waarna voorstelle gedoen is om dit, waar nodig, uit te brei.

Met die Trust- en Grondwet van 1936 (Wet 18 van 1936), is 'n Trust geskep om voorsiening vir die aankoop van bykomende grond vir Swartmense te maak.

Die Sosiale en Ekonomiese Planneraad het in 1944 sy Vyfde Verslag gepubliseer, waarin kommer uitgespreek word oor die konsentrasie van mense en ekonomiese bedrywighede op sekere punte (metropolitaanse gebiede). Hierin is die belangrikheid van 'n geïntegreerde sosiale en ekonomiese beleid en die noodsaaklikheid van owerheidsbeïnvloeding in die vestigingspatroon ook aangespreek. In hierdie verslag is daar onder andere aanbeveel dat:

"• sinvolle fisiese beplanning 'n voorvereiste sou wees indien die Regering in die toekoms die ordelike ontwikkeling van die land se hulpbronne wou bevorder en na 'n gesonde bevolkingsverspreiding wou strewe;

- doelbewuste fisiese beplanning op 'n streekgrondslag moes plaasvind; en

- 'n nasionale organisasie in die lewe geroep moes word om beplanning effektief te koördineer." (Sosiale en Ekonomiese Planneraad 1944).

Laasgenoemde aanbeveling het daartoe gelei dat die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RONH) gestig is met die doel om die doeltreffende koördinering van die ontginning en gebruik van natuurlike hulpbronne te bewerkstellig. Die beheer oor nywerheidsvestiging is ook as 'n funksie aan die RONH opgedra. Een van die opdragte aan die RONH was om ondersoek te doen om te kon bepaal watter gebiede, buite die bestaande metropole, oor die potensiaal beskik om as teenvoeter daarvoor te kon ontwikkel. Die RONH se bedrywighede was egter hoofsaaklik tot die beheer oor nywerheidsvestiging in die PWV-kompleks en *ad hoc* stads- en streekbeplanningsprojekte soos Sasolburg, die OVS-Goudvelde en Wes-Kaapland, wat as probleemgebiede uitgesonder is, beperk.

As gevolg van die kommer wat daar gedurende die veertiger- en vyftigerjare by die Regering bestaan het oor die migrasie van Swartmense na veral die vier metropolitaanse gebiede en die politieke implikasies daarvan, is die Tomlinson-kommissie gedurende die vroeë vyftigerjare aangestel.

In 1955 het *Die Verslag van die Kommissie vir die Sosio-ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika* (Tomlinson-Kommissie) verskyn. Die verslag handel veral oor die assosiasie tussen Blankes en Swartmense en die daarstelling van gebiede vir Swartmense waar ontwikkeling sinvol sou kon plaasvind. Twee nuwe benaderings het hierin na vore gekom, naamlik die daarstelling van "tuislande" en die aanwending van 'n nywerheidsdesentralisasieprogram om hierdie gebiede te help ontwikkel.

Die eerste aansporingsprogram vir die desentralisasie van nywerhede is in 1960 aangekondig. Hierdie program het op 'n relatiewe vrywillige grondslag gefunksioneer en is by verskeie geleenthede aangepas om dit meer doelgerig en aantreklik vir nyweraars te maak. Met die aankondiging van die aanvanklike nywerheidsdesentralisasieprogram, is daar in 'n persverklaring kommer uitgespreek oor die neiging tot konsentrasie en is die beleid en oogmerke met die desentralisasie van

nywerhede omskryf.

Ten einde die makro-ekonomiese ontwikkelingsbeleid van die Regering doelgerig en gekoördineerd met die privaatsektor te bedryf, is die Ekonomiese Adviesraad van die Eerste Minister in 1964 aangestel. Die Raad moes die Regering van advies dien oor beleidsaangeleenthede wat nodig was om die binnelandse ekonomiese groeiprestasie optimaal te bevorder.

Die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram (EOP), waarin ekonomiese groeivooruitsigte en 'n ekonomiese ontwikkelingstrategie vervat word, is in 1964 vir die eerste maal vrygestel. Hierdie projek was in die destydse Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer van die Eerste Minister gesetel.

Hoewel die EOP aanvanklik skerp kritiek van die kant van die privaatsektor uitgelok het, aangesien dit na bewering kon lei tot sentrale owerheidsbeplanning van die ekonomie, word die program sedertdien aanvaar as die basisdokument waarvolgens die Regering sy langtermyn ekonomiese strategie ontwikkel en toepas. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die EOP nie 'n streekdimensie gehad het nie.

Die totstandkoming van die Departement van Beplanning in 1965 was 'n verdere stap in die rigting van gekoördineerde beplanning op owerheidsvlak in die RSA. Hierdie Departement het onder andere die Kantore van die Ekonomiese, Wetenskaplike en Be planningsraadgewers van die Eerste Minister gehuisves. Met die instelling van die Beplanningsadviesraad (BAR) het streekbeplanning vir 'n geruime tyd onder 'n stelsel van hulpkomitees van die BAR geskied. Projekte in die Kaapse Middellande en Noord-Kaapland is onder andere op dié basis hanteer.

In dieselfde periode is die aansporingsmaatreëls van die 1960-Desentralisasieprogram, wat veral op die grense van die ontwikkelende Swart gebiede gesentreer was, aansienlik uitgebrei.

Ten einde streekontwikkeling en die verstedelikingsprobleme meer doeltreffend aan te spreek, is die Wet op Fisiese Beplanning in 1967 aanvaar. Dit is in samehang met die bestaande Desentralisasieprogram toegepas, deurdat dit die vestiging van sekondêre nywerhede in metropolitaanse gebiede bemoeilik het deur middel van die sonering van nywerheidsgrond en die beperking van die indiensneming van Swart werkers in hierdie gebiede. Aan die hand hiervan is verskeie niestatutêre Gidsplanne binne streeks- en stedelike verband opgestel. In hierdie planne is oorhoofse grondgebruikpatrone aangedui.

Vroeg in die sewentigerjare is weer eens besef dat probleme wat verband hou met die ontvolking van die platteland en die konsentrasie van mense en ekonomiese bedrywighede in enkele sentra, nie slegs deur die desentralisasie van nywerhede opgelos kon word nie. Die Regering het gevolglik aan die Beplanningsadviesraad opdrag gegee om 'n plan op te stel waarin aangedui word waar die bevolking van die Republiek teen die einde van die eeu sou woon, werk en ontspan, indien die heersende tendense sou voortduur.

'n Hulpkomitee van hierdie Raad het reeds in 1970, in sy verslag getitel *Die Verhoudings tussen die Regering, Provinsiale en Plaaslike Besture op die gebied van Fisiese Beplanning*, algemeen bekend as die *Pretoriusverslag*, onder andere voorgestel dat die plan altyd buigbaar en aanpasbaar moet wees om sodoende voortdurend by tegnologiese ontwikkeling, sosio-ekonomiese vereistes en staatkundige denkrigtings te kan aanpas.

Hierdie plan, bekend as die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (NFO) het in 1975 verskyn. Alhoewel hierdie dokument nie statutêre afdwingbaar was nie, is dit tog deur die openbare sowel as privaatinstansies as belangrike riglyn vir ruimtelike ontwikkeling aanvaar. Hierdie plan word meer volledig in paragraaf 3.1 bespreek.

Gedurende dieselfde jaar is die diensgebiede van die Streekontwikkelingsverenigings (SOV's) by die beplanningstreke aangepas. SOV's is vrywillige outonome instellings wat spontaan ontstaan het en wat ten doel het om die ontwikkeling van hulle eie streke op eie inisiatief te bevorder.

In dieselfde jaar is die Wet op Fisiese Beplanning gewysig om voorsiening vir statutêre gidsplanne te maak. In die tydperk vanaf 1971 tot 1992 is sewe nie-statutêre en 16 statutêre gidsplanne opgestel. Die benadering met hierdie gidsplanne het met verloop van tyd verander deurdat wegbeweeg is van grondgebruikbeheer na die daarstelling van riglyne oor grondgebruik.

In 1980 is die fisiese en wetenskaplike beplanningskomponente van die destydse Departement van Omgewingsbeplanning en Energie in die Kantoor van die Eerste Minister opgeneem waar die ekonomiese beplanningskomponent reeds gehuisves was. Die doel en funksie van die beplanningsafdeling van die Kantoor van die Eerste Minister was om op 'n sentrale punt, onder die hoogste owerheidsgesag, geïntegreerde beleidsbeplanning te doen met die oog op die formulering van 'n meer effektiewe langtermyn ontwikkelingstrategie vir die land as geheel. Ses verskillende beplanningskomponente is in die Kantoor saamgetrek, naamlik fisiese, ekonomiese, maatskaplike, staatkundige, wetenskaplike en veiligheidsbeplanning.

Die Goeie Hoopberaad van 1981 is 'n bekende baken op die terrein van streekbeplanning. Hierdie Beraad het aanleiding gegee tot die hersiening van die Nywerheidsontwikkelingsprogram en die aanvaarding van 'n nuwe streekbenadering, wat die totale ontwikkeling van nege geïdentifiseerde ontwikkelingstreke impliseer. Hierdie voorstelle oor streekindeling word meer volledig in paragraaf 3.2 aangespreek.

Ten einde die adviesaksie meer vaartbelyn te maak, is Streekontwikkelingadvieskomitees (SOAK's) vir elk van die nege geïdentifiseerde ontwikkelingstreke gestig. Die SOAK's is ingestel met die doel om deur middel van hulle advies aan die Regering streekontwikkeling in die RSA te bevorder, ten einde 'n beter lewensgehalte vir al sy inwoners te voorsien. Hiermee saam het SOAK's ook ten doel om owerheidsinstansies en die privaatsektor van advies te bedien oor alle streekontwikkelingsaangeleenthede waarvoor die Staat verantwoordelikheid moet aanvaar. Die SOAK's se vernaamste verantwoordelikheid berus derhalwe by die bepaling van streekontwikkel-

ingsbeleid in die algemeen en ontwikkelingsprioriteite binne die streek in die besonder.

Die Nasionale Streekontwikkelingsadviesraad (NSOAR) is ingestel om die rol van die destydse Beplanningsadviesraad oor te neem. Sy taak is primêr om die streekontwikkelingsvoorstelle wat deur die onderskeie SOAK's binne die RSA geformuleer word te koördineer, te evalueer en om prioriteite te help bepaal. Daarna word advies aan die Regering gelewer ter bevordering van streekontwikkeling in die wydste sin van die woord.

Die destydse Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning is in 1982 ingestel, met die doel om oorhoofse ontwikkelingsbeplanning te bevorder, met die klem op staatkundige ontwikkeling.

Die rasionalisasie van die destydse Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning in 1984 het meegebring dat die Sentrale Ekonomiese Adviesdiens en die Wetenskaplike- en Maatskaplike beplanningskomponente na ander Staatsdepartemente oorgeplaas is.

Die Witskrif oor Verstedeliking is in April 1986 deur die Regering aanvaar. Een van die uitgangspunte wat hierin neergelê is, is dat 'n streekgedifferensieerde benadering gevolg moet word in die beplanning vir en bestuur van verstedeliking.

In Suid-Afrika kom 'n gevestigde hiërargie van stede en groter dorpe voor. Vanweë die gevestigde ekonomiese en maatskaplike infrastruktuur, beskik hierdie gebiede oor die grootste potensiaal om verstedeliking te akkommodeer. Aandag kan egter daaraan gegee word om van die groter plattelandse dorpe 'n belangriker rol te laat speel om verstedeliking in oorgekonsentreerde gebiede te ondervang. Verstedeliking sal noodwendig by die bestaande grondgebruik- en dienstepatroon moet inpas.

Gedurende 1991 is die *"nuwe"* Wet op Fisiese Beplanning, 1991 (Wet 125 van 1991) gepromulgeer. Die doel met hierdie Wet is *"om die ordelike fisiese ontwikkeling van die Republiek te bevorder, en om vir dié doel voorsiening te maak vir die verdeling van die Republiek in streke, vir die opstel van nasionale ontwikkelingsplanne, streekontwikkelingsplanne, streekstruktuurplanne en stedelike struktuurplanne deur die onderskeie owerhede wat vir fisiese beplanning verantwoordelik is, en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan"*. Hierdie Wet skep vir die eerste keer in die geskiedenis van amptelike beplanning in Suid-Afrika die geleentheid dat die beplanning- en ontwikkelingstreke formeel omskryf kan word en maak ook voorsiening vir 'n hiërargie van planne om beplanning te orden.

Die Departement van Streek- en Grondsake het gedurende 1992 tot stand gekom en is, onder meer, verantwoordelik vir streekbeplanning en -ontwikkeling op sentrale owerheidsvlak. In 1994, na afloop van die eerste volle demokratiese verkiesing in die RSA het die Departement van Grondsake tot stand gekom.

## 3 DIE STREEKBEGRIP IN SUID-AFRIKA

Die streekbegrip in Suid-Afrika het momentum begin kry met die vrystelling van die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan, 1975 (NFO) en die Goeie Hoopplan vir Suider-Afrika in 1982.

'n Streek kan omskryf word as 'n gedeelte van die aardoppervlakte wat op grond van 'n bepaalde graad van eenvormigheid of interafhanklikheid en vir 'n bepaalde doel, afgebaken, en van ander streke onderskei kan word. Afhangende van die spesifieke doelstelling, sal daar verskille bestaan in die afbakening van streke. Ten einde die potensiaal vir ontwikkeling van die nasionale bodem te bepaal en ongewenste ontwikkeling te voorkom, is dit nodig dat die land in sy geheel intensief bestudeer word. Hiervoor is dit nodig om die land in kleiner, meer hanteerbare eenhede, in te deel.

'n Beplanningstreek is 'n sinvolle fisiese, ekonomiese en maatskaplike eenheid, waarbinne daar 'n sekere mate van interafhanklikheid en diversiteit, sowel as 'n streekgevoel onder die inwoners, bestaan.

Enige onderverdeling van die nasionale bodem in beplanningstreke behoort derhalwe kragtens die volgende kriteria te geskied:

- die identifisering van nodale kerne met hul invloedsfere;
- die bevolkingsverspreidingspatroon;
- die verspreiding van natuurlike hulpbronne;
- die netwerk en intensiteit van infrastruktuur;
- die fisiese bodemgesteldheid, veral topografiese eienskappe;
- ekonomiese bedrywighede;
- streeklojaliteit van die inwoners; en
- administratiewe en politieke grense.

Die eerste ses kriteria kan gekoppel word aan die identifisering van relatief homogene eenhede om 'n nodale punt. Dit is belangrik dat daar 'n streekgevoel en -lojaliteit onder die inwoners van 'n streek sal bestaan. Met behulp van bostaande kriteria, kan die land in prakties hanteerbare eenhede verdeel word. Dit maak dit moontlik om elkeen van hierdie afgebakende eenhede te vergelyk met bestaande of beoogde nasionale norme en sodoende die potensiaal en probleme binne die eenhede te identifiseer. Hierdie probleme kan fisies wees, byvoorbeeld as gevolg van 'n tekort aan water; of ekonomies, soos in die geval van 'n gebrek aan diversifikasie; of maatskaplik, as gevolg van, onder andere, ontoereikende maatskaplike dienste.

Vir statistiese doeleindes is dit nodig om streekgrense by landdrosdistriksgrense aan te pas, daar dit die kleinste eenheid is waarvolgens statistiek in die RSA beskikbaar gestel word. Dit kan meebring dat gedeeltes van sommige landdrosdistrikte wat op streekgrense geleë is, nie altyd in alle opsigte inskakel by die streek waarby die landdrosdistrik ingedeel is nie.

Dit is moontlik om hierdie eenhede of streke te klassifiseer op grond van elk se besondere eienskappe en ontwikkelingspotensiaal. Hierdie ontwikkelingspotensiaal kan in verskeie rigtings lê, soos op die gebied van landbou of toerisme, en nie net op nywerheids-

gebied nie.

In Suider-Afrika kan die volgende tipes streke onderskei word, naamlik:

- **Metropolitaanse- of kernstreke**

Hierdie is groot stedelike-, nywerheids-, handel- en administratiewe sentra wat, tesame met hulle onmiddellike invloedsfere, 'n relatiewe hoë groeipotensiaal besit en 'n dominante invloed op die ekonomie van die land uitoefen. Weens hulle komplekse karakter is daar 'n ingewikkelde wisselwerking tussen hulle samestellende komponente wat slegs in individuele streekstudies ontleed kan word.

- **Stygende oorgangstreke**

Hierdie streke is gewoonlik binne ontwikkelingskorridors tussen twee kerngebiede geleë. Die ontwikkelingsmoontlikhede hiervan is, teoreties gesproke, eweredig aan die grootte van die twee kerne en omgekeerd eweredig aan die afstand tussen die streek en die kerngebiede, alhoewel verskeie ander faktore sodanige moontlikhede radikaal kan beïnvloed.

- **Hulpbrongrensstreke**

Hierdie streke is gebiede van nuwe besetting waar, as gevolg van 'n verskeidenheid van redes, 'n nuwe kern feitlik oornag geskep word en wat 'n aansienlike styging in produktiwiteit van die streek tot gevolg het.

- **Agtergeblewe streke**

Hierdie streke het, relatief tot kernstreke, 'n stagnante of selfs kwynende ekonomie met beperkte ontwikkelingspotensiaal. Alvorens 'n streek as agtergeblewe geklassifiseer word, moet bepaal word of die beperkte hulpbronne ten volle benut word; met ander woorde, die lewenspeil van sy inwoners en die potensiaal van die streek moet in aanmerking geneem word.

- **Spesiale probleemstreke**

Hierdie is gebiede wat weens besondere omstandighede gespesialiseerde aandag sal moet kry ten einde die gewenste ontwikkeling te bewerkstellig. Die kriteria vir die afbakening van sodanige streke verskil van dié van die ander streke. Spesiale probleemstreke kan byvoorbeeld dele van ander beplanningstreke of 'n samevoeging van sulke streke omvat.

### 3.1 Die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (NFO) 1975

Nieteenstaande die oorhoofse benadering wat in die NFO gevolg is, is dit tog aanvaar as die eerste geografiese beleidsraamwerk vir sover dit toekomstige beplanning op die fisiese terrein betref.

Die NFO het gepoog om in breë trekke ruimtelike ontwikkelingsalternatiewe te bied vir twee groot probleme wat die land in daardie stadium op hierdie gebied ondervind het, naamlik die konsentrasie van mense en ekonomiese bedrywighede in 'n beperkte aantal gebiede en die feit dat die ruimtelike ontwikkelingspatroon in die RSA nie die potensiaal en die behoeftes van al die land se inwoners weerspieël het nie. Die benadering met die NFO was drieledig van aard, naamlik:

- die verdeling van die land in streke gegrond op die bevolkingsverspreiding en -eienskappe, verspreiding van natuurlike hulpbronne, fisiese gesteldheid, bestaande infrastruktuur, ekonomiese aktiwiteite, streeklojaliteit van die bevolking en administratiewe en politieke grense;
- die aanwys van punte waar groei na alle waarskynlikheid sal plaasvind, gegrond op die ontplooiing van bestaande en beplande ontwikkelingsasse en gebaseer op die nasionale hiërargie van dorpe; en
- 'n klassifikasie van die punte in die vorige punt genoem in metropolitaanse gebiede, beplande metropolitaanse gebiede, groeipole, groeipunte en hoofdorpe, elk met sy eiesoortige groeivereistes en -verwagtinge.

Met inagneming van die kriteria soos hierbo vermeld, is die land met die opstel van die NFO in 1975 in 42 beplanningstreke onderverdeel.

In die identifisering van nuwe punte buite bestaande metropole waar selfstandige groei kan plaasvind, is aanvaar dat sekere geïntegreerde langtermyn sienings in ag geneem moes word, soos:

- 'n goeie landbouhinterland wat bydra tot die aanvanklike konsentrasie van mense bo die homogene yl verspreiding van bevolking elders;
- die beskikbaarheid van natuurlike hulpbronne wat moontlik aanleiding kan gee tot industrialisasie en diversifikasie indien aan sekere voorvereistes voldoen word;
- die bestaan van ekonomiese en ander infrastruktuur soos spoorweë, paaie en kragvoorsiening, wat verdere geleenthede vir ekonomiese groei en konsentrasie by fokuspunte en op groei-asse skep; en
- momentum wat verder geskep kan word deur markuitbreiding en die beskikbaarheid van verskillende vlakke van arbeidsgeskooldheid wat as gevolg van hierdie konsentrasie by sulke punte beskikbaar raak.

Benewens die vier bestaande metropolitaanse gebiede, naamlik die Kaapse Metropolitaanse Gebied, Port-Elizabeth/Uitenhage, Durban/Pinetown en die PWV-kompleks, is drie nuwe metropole, naamlik Saldanha, Oos-Londen/King Williams Town en Richardsbaai, in die vooruitsig gestel.

Binne sekere beplanningstreke was dit ook moontlik om groeipole te identifiseer wat gedefinieer kon word as dorpe of komplekse van dorpe wat oor genoeg groeipotensiaal beskik om sonder veel stimulering redelik selfstandig te kan ontwikkel om 'n groot bevolking te dra. In ander streke is hoofdorpe geïdentifiseer wat dien as die vernaamste sosiale, kulturele, ekonomiese en dienssentrums vanwaar verbruikersgoedere en dienste versprei word.

'n Belangrike tekortkoming van die 1975 NFO was, onder andere, dat min aandag aan die destydse Onafhanklike en Selfregerende Gebiede binne die Suider-Afrikaanse konteks gegee is. Ondanks die oorhoofse benadering wat in die NFO gevolg is, is dit tog as die eerste nasionale fisiese riglyne vir

toekomstige beplanning aanvaar. Die identifisering van die probleme en potensiaal van individuele streke lê egter op die terrein van streekbeplanning en die NFO het in hierdie opsig slegs ten doel gehad om 'n raamwerk vir sinvolle streekbeplanning te skep.

### 3.2 Die Nasionale Ontwikkelingstreke van 1982

Die grondslag van die ontwikkelingstreekbenadering in Suid-Afrika is op twee beginsels geskoei, naamlik:

- Daar word aanvaar dat Suid-Afrika te groot en heterogeen is om vir doeltreffende beplanning as 'n eenheid beskou te word; en

- tweedens word aanvaar dat die ontwikkeling van Suid-Afrika nie in isolasie beskou kan word nie. Die ekonomie van die RSA is daarvoor te heg geïntegreer met ander lande in Suider-Afrika en 'n struktuur moes derhalwe geskep word waarvolgens hierdie realiteite deeglik in ag geneem kan word.

Gedurende 1981 is die 1975-streekindeling vanweë die dinamiese aard van ontwikkeling en beplanning hersien, en aangepas. Op grond van genoemde beginsels is 44 beplanningstreke tydens die herindeling geïdentifiseer. Die Selfregende Gebiede is, weens hulle eiesoortigheid, as afsonderlike streke beskou.

Afgesien van die beplanningstreke, was dit, met die oog op die formulering van 'n meer samehangende en doelgerigte streekontwikkelingstrategie vir Suider-Afrika[2], nodig om die sub-kontinent in breër funksionele ontwikkelingstreke te verdeel. Dit sou ook as raamwerk dien vir streeksamewerking oor internasionale grense heen, omdat dit duidelik was dat die ontwikkeling van die minder ontwikkelde gebiede op 'n breër streekgrondslag bevorder behoort te word. Verder is besef dat Suider-Afrika, in sy geheel, vir doeleindes van beleidsbeplanning in 'n aantal breedgedefinieerde ontwikkelingstreke ingedeel behoort te word. Die volgende kriteria is vir die doel aanvaar naamlik:

- Die 44 beplanningstreke moet as boustene vir die ontwikkelingstreke dien, wat beteken dat die beginsel van nodaliteit as uitgangspunt behou word;

- homogeniteit ten opsigte van fisiese eienskappe en ekonomiese aktiwiteite moet, sover as prakties moontlik, nagestreef word;

- vir elke streek moet daar 'n duidelike identifiseerbare kern (of kerne) wees;

- elke streek moet met 'n bestaande of toekomstige metropolitaanse gebied geassosieer kan word;

- die streekindeling moet binne die Suider-Afrika konteks gesien word en nie net as 'n indeling vir die Republiek van Suid-Afrika nie;

- strategiese en nasionale veiligheidsoorwegings moet in ag geneem word; en

- origens moet ook gelet word op eienskappe soos ontwikkelingsbehoeftes, ontwikkelingspotensiaal, funksionele verwantskappe en fisiese eienskappe.

Teen die agtergrond van bogenoemde kriteria is aanvanklik agt, en later nege ontwikkelingstreke, naamlik Streke A (Wes-Kaap), B (Noord-Kaap), C (Oranje Vrystaat), D (Oos-Kaap en suidelike deel van Transkei), E (Natal en noordelike deel van Transkei), F (Oos-Transvaal), G (Noord-Transvaal), H (PWV-kompleks) en J (Wes-Transvaal), geskep.

Sedert 1991 tot in 1994 het daar gesprekke oor 'n nuwe staatkundige bedeling vir die RSA plaasgevind. As deel van hierdie nuwe bedeling is daar ook aandag aan 'n nuwe provinsiale indeling vir die land gegee.

## 4 NUWE PROVINSIES VAN DIE RSA

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet 200 van 1993), lei ook, bo al die ander aangeleenthede wat daarin aangespreek word, 'n nuwe provinsiale indeling vir die RSA in.

Artikel 124, Hoofstuk 9, wat oor provinsiale regering handel, maak voorsiening vir die instelling van die provinsies en Bylae 1 van die Grondwet omskryf die betrokke provinsies in meer besonderhede.

### 4.1 Totstandkoming van die Nuwe Provinsies

4.1.1 <u>Kommissie vir die Afbakening van State/Provinsies/Streke (SPS'e)</u>

Die werk in hierdie verband is deur die Kommissie vir die Afbakening van State/Provinsies/Streke gedoen wat op 28 Mei 1993 deur die VPO aangestel is. Die Kommissie het uit 15 lede bestaan, met prof P Smit en dr B D Nomvete as mede-voorsitters.

Die taak van die Kommissie was om aanbevelings aan die Onderhandelingsraad oor die afbakening van SPS'e in Suid-Afrika te maak. Die Kommissie het 'n mandaat gekry om voorleggings van die publiek in hierdie verband aan te hoor. By die vasstelling van grense moes sekere internasionaal-erkende kriteria in ag geneem word.

4.1.2 <u>Provinsies ingevolge die Grondwet</u>

Op 15 November 1993 het die Veelparty Onderhandelingsraad (VPO) goedgekeur dat die RSA vir die doeleindes van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993, in nege gebiede, wat as provinsies bekend staan, verdeel word.

Die nege nuwe provinsies is soos volg saamgestel. Die Kaapprovinsie is in drie provinsies verdeel, naamlik *Wes-Kaap* (van Vanryhnsdorp in die noordweste tot by Murraysburg in die noordooste en Knysna in die suidooste), *Oos-Kaap* (van Willowmore en Joubertina in die weste tot by die Transkei in die ooste, insluitend die Umzimkulu-distrik van Transkei) en *Noord-Kaap* (die res van die Kaapprovinsie, uitsluitend Vryburg en die gedeeltes van Bophuthatswana wat in die Kaapprovinsie geleë was).

Die *Oranje-Vrystaat* bly onveranderd en *KwaZulu/Natal* is aangepas met die insluiting van die Pongolavinger.

Die Transvaal is in vier nuwe provinsies verdeel, naamlik *Noordwes* (die Wes-Transvaal met die insluiting van Vryburg en groot gedeeltes van Bop-

huthatswana), *PWV* (die Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoek-kompleks met die uitsluiting van Sasolburg), *Oos-Transvaal* (die oostelike gedeelte van Transvaal met die uitsluiting van die Pongolavinger) en *Noord-Transvaal* (die res van Transvaal). Hierdie provinsies word op Kaart 1 aangedui.

Die Grondwet maak daarvoor voorsiening dat die grense van provinsies deur middel van versoekskrifte en referendums verander kan word. Dit word in meer besonderhede in par. 6 bespreek.

## 5 GEBRUIK VAN DIE GRAVITASIEMODEL TEN EINDE GRENSE VIR BEPAALDE GEBIEDE EN/OF DIENSTE TE BEPAAL

In die proses wat gevolg is om vakkundige insette te lewer vir die scenario's aangaande nuwe provinsies vir die RSA is daar ook aandag gegee aan die gebruik van die veelbekende gravitasiemodel van Reilly. Steyn (1992: 219) het ook hierdie model aangewend om die grense van Gereformeerde gemeentes te bepaal.


Vervolgens word daar kortliks na die model gekyk en dan aandag gegee aan die praktiese toepassing daarvan.

### 5.1 Teoretiese Agtergrond

Die basiese redenasie van Reilly, wat verantwoordelik was vir die formulering van die Wet van Kleinhandelgravitasie, was dat die grootte van 'n dorp se invloedsfeer op twee basiese faktore berus, naamlik grootte en afstand (Van der Merwe, 1983:98). Die basiese formulering van hierdie wet volgens Van der Merwe (1983:98) is soos volg:

*Twee dorpe (A en B) oefen 'n kleinhandelsaantrekkingskrag op enige tussengeleë plek (C) uit wat direk in verhouding met die bevolkingsgrootte van die twee dorpe en omgekeerd eweredig is aan die kwadraat van die afstand vanaf die twee dorpe na die tussengeleë plek:*

$$\frac{\textit{Inkope by DorpA}}{\textit{Inkope by DorpB}} = \left(\frac{\textit{BevolkingA}}{\textit{BevolkingB}}\right) \times \left(\frac{\textit{Afstand B na C}}{\textit{Afstand A na C}}\right)^2$$




**Kaart 1: Nuwe Provinsies**

Met wiskundige aanpassings kan hierdie basiese formule aangepas word om 'n ewewigslyn of breekpunte tussen twee dorpe te bepaal. Volgens Huff (1963:82) het die "Curtis Publishing Company" in 1947 hierdie aanpassing van die gravitasiemodel gemaak om die breekpunt tussen twee sentra te bepaal. Die volgende formule geld dan vir hierdie doel:

$$\textit{Breekpuntafstand vanaf dorp A} = \frac{\textit{Afstand A na B}}{1+\sqrt{\dfrac{\textit{BevolkingB}}{\textit{BevolkingA}}}}$$

Volgens Van der Merwe (1983:98) kan hierdie formule dus aangewend word om op al die uitstralende roetes van 'n bepaalde dorp af na naasliggende dorpe breekpunte te bepaal. Vervolgens word hierdie breekpunte verbind en sodoende word die invloedsfeer van daardie bepaalde dorp dan aangetoon.

Van der Merwe (1983:99) maak egter die stelling dat Huff die Reilly-model sodanig aangepas het dat dit moontlik is om kleinhandels-isolyne om 'n dorp of onderneming te trek, waarvolgens intensiteitsafname van 'n invloedsfeer bepaal kan word en nie net die gebied van oorheersing nie. Vir die doeleindes van hierdie model, bepaal Huff ook dat veral twee faktore die besluit van 'n verbruiker sal beïnvloed, naamlik die aantal items/dienste wat benodig word en die reistyd wat betrokke sal wees (1963:85). Hierdie model van Huff kan rekenkundig soos volg voorgestel word:

$$P_{ij} = \frac{\dfrac{S_j}{T_{ij}^{\beta}}}{\sum_{j=1}^{n}\left(\dfrac{S_j}{T_{ij}^{\beta}}\right)}$$

waar

| | | |
|---|---|---|
| *Pij* | = | Waarskynlikheid dat verbruikers van punt *i* by koopsentrum *j* sal koop; |
| *Sj* | = | Grootte van koopsentrum *j*; |
| *Tij* | = | Reistyd van verbruikers *i* na koopsentrum *j*; en |
| *ß* | = | 'n Konstante afstandseksponent, *Beta*, wat empiries bereken word om die effek van reistyd na verskillende tipes goedere of ondernemings te weerspieël. *Beta*-waardes vir duursame goedere is byvoorbeeld kleiner as by verbruikersgoedere, aangesien verbruikers nie bereid is om so ver vir laasgenoemde te reis nie (Huff 1963: 86). |

### 5.2 Praktiese Toepassing van die Gravitasiemodel

#### 5.2.1 Toepassing op die Bestaande Nege Ontwikkelingstreke


Met die oog daarop om breekpunte tussen bepaalde sentra in Suid-Afrika te bepaal, is daar van twee stelle stedelike gebiede gebruik gemaak. In die eerste plek is die vier metropolitaanse gebiede as basis geneem en in die tweede geval is daar van sekondêre stede in die RSA gebruik gemaak. Die verskillende grense is daarna oormekaar geplaas en 'n gemeenskaplike breekpunt tussen die onderskeie sentra is bepaal.

*(a) Breekpunte tussen Metropole*

Die breekpunte tussen die vier metropolitaanse gebiede, naamlik die PWV-kompleks, Durban/Pinetown, Port Elizabeth/Uitenhage en die Kaapse Metropolitaanse Gebied is met behulp van 1985-bevolkingsyfers bepaal. Die breekpunte tussen die metropole is ook met behulp van die BGP-syfer vir elkeen van hierdie gebiede bepaal. Die gevolgtrekking was egter dat die verskil tussen die twee kriteria nie so groot is nie en gevolglik is die breekpunt wat deur middel van die bevolkingsyfer bepaal is, verder gebruik.

*(b) Breekpunte tussen Sekondêre Stede*


Die vyf belangrike sekondêre stede of komplekse, soos deur Van der Merwe (1990) geïdentifiseer is, naamlik Pietersburg, Witbank/Middelburg, Bloemfontein, Oos-London en Pietermaritzburg is hiervoor aangewend. In die opstel van die kaart vir hierdie sekondêre stede het dit geblyk dat die westelike deel van die land oor geen van die vyf belangrike sekondêre stede beskik nie en daar is derhalwe besluit om die belangrikste stedelike gebiede, naamlik Kimberley, George, Worcester en Upington, vir hierdie doel te gebruik. Die breekpunte is met behulp van die 1985-bevolkingsyfer vir die gebiede bepaal. 'n Meer eweredige verspreiding van invloedsgebiede word in hierdie geval aangetref. Dit kan ook aan die relatiewe homogene aard van die sekondêre stede in Suid-Afrika toegeskryf word. Streke B, C en G kom hieruit duidelik na vore en Streke A, D en E kan ook geïdentifiseer word.





**Kaart 2: Bepaling van Gemeenskaplike Breekpunte**

*(c) Bepaling van Gemeenskaplike Breekpunte*


In hierdie geval is die grense soos bepaal, op een kaart aangebring. Enkele van die grense is saamgevoeg en tussen van die ander is gemeenskaplike grense bepaal. Dit het aanleiding tot sewe breë streke gegee. Kaart 2 dui hierdie streke aan.




**Kaart 3: Waarskynlikheids-isolyne van bestaande kerke ten einde potensiële Gereformeerde Kerk Roodepoort te bepaal**




*FIGUUR 1: Bestaande geografiese verspreiding van Part-Sinodes* (Bron: Eie konstruksie)




*FIGUUR 2: Geografiese verspreiding van voorgestelde Part-Sinodes* (Bron: Eie konstruksie)

5.2.2 <u>Toepassing van die Gravitasiemodel op Gemeentelike Grensbepaling</u>

Ten einde die effek van die gravitasiemodel prakties te illustreer, het Steyn (1993:219) dit op die onderskeie Gereformeerde kerke in Klassis Krugersdorp en Klassis Griekwaland-Wes van toepassing gemaak. Met in agneming van 'n reeks parameters soos onder andere afstand tussen kerkgeboue en bestaande woonbuurt- en administratiewe grense, is gekyk na afwykings tussen die werklike kerklike grense en dié wat deur die gravitasiemodel aangetoon word. Daar is gevind dat daar in sekere gevalle aansienlike afwykings is en in ander gevalle net geringe afwykings, wat aan die aanpassing van grense by bestaande woonbuurt- of administratiewe grense toegeskryf kan word. 'n Illustrasie van waarskynlikheids-isolyne en 'n aanduiding van potensiële liggings van kerke word in Kaart 3 aangedui. Die bestaande Part-sinodes word in Figuur 1 en die aanpassings daarvan om vir die nuwe provinsies voorsiening te maak, word in Figuur 2 aangedui.


Die toepassing van die gravitasiemodelle blyk op beide die nasionale streekindeling en 'n kleiner skaal, soos afbakening van gemeentes, van waarde te wees en blyk dus 'n geskikte tegniek te wees om die afbakening van gebiede van verskillende orde groottes te bepaal.

## 6 VERDERE AANGELEENTHEDE MET BETREKKING TOT PROVINSIES IN DIE TOEKOMS


In Deel 2 van Bylae 1 van die Grondwet word daar melding gemaak van sogenaamde geaffekteerde gebiede. Dit is gebiede waaroor daar nog nie sekerheid bestaan het by watter provinsie hulle ingedeel moet word nie. Die gebiede is die volgende:

(a) die Bosbokrandgebied;
(b) die distrik Namakwaland;
(c) die distrik Groblersdal;
(d) Noord-Transkei/Pondoland;
(e) die distrik Umzimkulu;
(f) die distrikte Bronkhorstspruit, Cullinan, Pretoria, Soshanguve en Wonderboom;
(g) die distrikte in die twee blokke in die Oos-Kaap;
(h) Noord-Kaap;
(i) Kwandebele, Moutse en 'n gedeelte van Bophuthatswana;
(j) die distrik Sasolburg;
(k) die distrikte Clanwilliam, Vredendal en Vanryhnsdorp;
(l) die distrik Mount Currie;
(m) die distrikte Kuruman, Postmasburg en Hartswater; en
(n) die distrik Brits en gedeeltes van Bophuthatswana.

Hierdie gebiede word op Kaart 4 aangetoon. Artikel 124(4) bepaal dat die stemme wat in die Algemene Verkiesing in hierdie geaffekteerde gebiede uitgebring word apart getel en aangeteken moet word vir die doeleindes van die meganismes, soos dit in die Grondwet bespreek word, ten einde die finalisering van hierdie geaffekteerde gebiede moontlik te maak. Weens 'n gebrek aan spasie, word hierdie proses skematies in Figuur 3 voorgestel.




**Kaart 4: Geaffekteerde Gebiede**




*FIGUUR 3: Skematiese voorstelling van verloop van proses vir die hantering van geaffekteerde gebiede*

## 6.1 Moontlikhede vir Provinsies teen 1995

Daar is gewys op die gebiede waaroor nog onsekerheid bestaan, kan met in ag neming van verdere beraadslaging 'n redelike aanpassing in provinsiale grense tot gevolg hê. Ten einde van die moontlikhede te illustreer word die volgende scenario's geskets:

- Scenario 1 : Noord-Kaap ontbind, die Pretoria-distrikte word deel van Oos-Transvaal en Noord-Transkei/ Pondoland word deel van Natal;
- Scenario 2 : Noord-Kaap bly, Oos-Kaap verdeel in twee provinsies, Mount Currie en Umzimkulu word deel van Kei en die Pretoriadistrikte bly in die PWV; en
- Scenario 3 : Alle geaffekteerde gebiede word, waar moontlik verander.

6.1.1 Scenario 1: Agt Provinsies

In hierdie geval word daar aangeneem dat Noord-Kaap tot niet gaan en dat die Pretoria-distrikte deel van Oos-Transvaal gaan vorm. Verder is daar ook aangeneem dat Noord-Transkei/Pondoland deel van Natal word. Hierdie voorstel, wat agt provinsies tot gevolg het, word op Kaart 5 aangetoon. Verder word daar aangeneem dat daar in al die ander geaffekteerde gebiede besluit is om te hou by die indeling soos in die Grondwet weergegee. Na mening is hierdie die mees onwaarskynlike veranderinge wat kan voorkom.

Die agt provinsies wat uit hierdie scenario na vore kom is Wes-Kaap, Oos-Kaap, Natal, OVS, Noordwes, Noord-Tvl, Oos-Tvl en Wits-Vaal.

6.1.2 Scenario 2 : Tien Provinsies


In hierdie scenario word Noord-Kaap behou, Oos-Kaap word in twee provinsies, Oos-Kaap en Kei, verdeel en die Pretoriadistrikte bly in die PWV. Die Umzimkulu- en Mount Curriedistrikte word deel van die Kei-provinsie. Dit het tot gevolg dat daar tien provinsies sal wees. Alle ander geaffekteerde gebiede het besluit om te bly waar hulle is, soos in die Grondwet vasgestel is. Hierdie voorstel word op Kaart 6 aangetoon.

Die tien provinsies wat uit hierdie scenario na vore kom is Wes-Kaap, Oos-Kaap, Kei, Noord-Kaap, OVS, Natal, Oos-Tvl, Noord-Tvl, Noordwes en Oos-Tvl.


6.1.3 Scenario 3 : Nege Provinsies

Vir die doeleindes van hierdie scenario is alle moontlike veranderinge wat kan voorkom aangebring. Die basis waarop hierdie scenario getrek is, is dat die geaffekteerde gebiede geneem is en die verskillende voorstelle voorgestel is. In gevalle waar meer as een geaffekteerde gebied binne 'n provinsie voorkom, is dié voorstel wat die meer verrykende gevolge inhou, aangedui. Die voorstel word op Kaart 7 aangetoon. Dit het tot gevolg dat die land in nege provinsies verdeel word, naamlik Wes-Kaap, Oos-Kaap, Kei, Natal, OVS, Noordwes, Noord-Transvaal, Oos-Transvaal en Wits-Vaal.

*Wes-Kaap* is 'n vergroting van die huidige provinsie aangesien Noord-Kaap as provinsie ontbind het. *Noordwes* is as gevolg van bogenoemde verandering 'n vergroting van die




**Kaart 5: Scenario 1**




**Kaart 6: Scenario 2**


huidige provinsie. Brits en gedeeltes van Bophuthatswana is na Wits-Vaal verskuif. *Oos-Kaap* is 'n verkleining van die huidige provinsie. As gevolg hiervan het 'n nuwe provinsie, *Kei*, tot stand gekom. Hierdie provinsie is die res van die bestaande Oos-Kaap met die uitsluiting van Noord-Transkei/Pondoland. *Natal* het vergroot met die byvoeging van Noord-Transkei/Pondoland. In die geval van die *OVS* is slegs Sasolburg weer by die PWV gevoeg. *Oos-Transvaal* het die volgende veranderinge ondergaan; die Pretoria-distrikte is bygevoeg en Groblersdal en Bosbokrand is na *Noord-Transvaal* verskuif. Die bestaande PWV het die volgende veranderinge ondergaan met die gevolg dat die provinsie verdwyn het; die Pretoriadistrikte is na *Oos-Transvaal* verskuif en *Wits-Vaal* het tot stand gekom. Sasolburg en Brits en die gedeeltes van Bophuthatswana is by Wits-Vaal gevoeg.

## 7 SAMEVATTING

Soos daar in die inleiding gemeld is, is daar met hierdie artikel slegs gepoog om kortliks 'n aanduiding te gee van streke in Suid-Afrika, soos dit deur die jare ontwikkel het. 'n Paar interessante gedagtes het egter na vore gekom.

In die eerste plek dui inligting daarop dat streekbeplanning en die gepaardgaande streke op die grond nooit staties is nie en ook onderhewig aan veranderinge is, soos wat die omstandighede dit vereis. Dit het tot gevolg dat selfs die huidige nege provinsies nie as die laaste gedagte oor hierdie aangeleentheid beskou moet word nie, maar dat verdere veranderinge hieraan nog kan en gaan voorkom. 'n Ander aangeleentheid wat ook na vore gekom het is dat teoretiese modelle wel aangewend kan word as hulpmiddel om antwoorde op vrae te kry. Dit moet egter deurentyd in ag geneem word dat dit slegs teoretiese insette is en altyd in die praktyk weer getoets moet word.

Die laaste hoofstuk oor die indeling van die RSA in provinsies vir 'n nuwe staatkundige bedeling is nog lank nie geskryf nie. Teen die begin van 1995, wanneer alle aangeleenthede oor die geaffekteerde gebiede opgelos is, sal daar nog altyd, ingevolge artikel 163 wat voorsiening maak vir die Kommissie op Provinsiale Regering, meganismes wees om veranderinge aan grense aan te bring. Hierdie Kommissie moet ingevolge die Grondwet ook aandag aan bepaalde kriteria gee wanneer veranderinge aan provinsiale grense oorweeg gaan word.




**Kaart 7: Scenario 3**

In die proses van streekafbakening, veral in 'n geval soos dié van Suid-Afrika waar daar na 'n totaal nuwe staatkundige bedeling beweeg word, gaan grense en die aanpassing daarvan nog redelik gereeld voorkom. Daar moet egter gewaak word dat politieke oorwegings nie sulke aanpassings gaan oorheers nie, maar dat die betrokke kriteria wat in die Grondwet neergelê is deeglik in berekening gebring word. Die kriteria is daargestel om soveel moontlik aangeleenthede in ag te neem. Laastens sal dit nodig wees om weer eens, na aanleiding van die nuwe provinsiale indeling en met nuwe staatkundige oogmerke in berekening geneem, volledige beplanning vir die land as geheel op nasionale vlak te doen. Hierdie aksie kan ingevolge die Wet op Fisiese Beplanning, 1991 onderneem word.

## NOTAS

1 Petrus Steyn is 'n Senior Stads- en Streekbeplanner, verbonde aan die Direktoraat : Nasionale Ruimtelike Beplanning van die Departement van Grondsake. Dank word hiermee teenoor die Departement uitgespreek vir die geleentheid om hierdie artikel te kon saamstel en publiseer. Menings in hierdie artikel uitgespreek verteenwoordig nie noodwendig dié van die Departement nie.

2 Ten tye van die opstel van hierdie doelwitte het die begrip Suider-Afrika die RSA en die TBVC lande ingesluit en sluit nie lande buite die SA-grense in nie.

## 8 BRONNELYS


ABLER R (1971). *Spatial Organization - The Geographer's View Of The World.* Prentice-Hall, New York. 587p.

ALMANAKKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA 1980 TOT 1991. Herald, Potchefstroom.

COMMISSION ON THE DEMARCATION/DELIMITATION OF SPR's (CDDR) (1993). *Report Of The Commission On The Demarcation/Delimitation Of SPR's.*

DU PLOOY AleR (1979). *Ekklésia En Meerdere Vergaderinge.* M.ThB Verhandeling. PU vir CHO, Pretoria.

GREYLING F (1993). *ANC stel 8 Streke voor vir SA, Sê PTA Moet deel bly van PWV.* Beeld 2, Julie 7.

GREYLING F en PRINSLOO T (1993). *Komitee moet Besin oor Streke.* Beeld 3, Mei 29.

HAGGETT P (1975). *Geography: A Modern Synthesis.* Harper & Row, Publishers, New York. 620p.

HUFF DL (1960). *A Topographical Model Of Consumer Space References.* Papers and Proceedings of the Regional Science Association, Vol 6:159-173.

HUFF DL (1963). "A Probabilistic Analysis of Shopping Centre Trade Areas". *Land Economics*, Vol: 81-90.

KERKORDE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE (1980). *Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika - soos gewysig deur verskillende Sinodes.* CJBF, Potchefstroom, 111p.

KOLARS JF & NYSTUEN JD (1974). *Geography - The Study of Location, Culture, and Environment.* McGraw-Hill, New York, 448p.

LÖTTER F (1993). *Partye dien voorstel oor streke op nippertjie in.* Beeld 2, Julie 7.

PRINSLOO T en GREYLING F (1993). *Nege Streke vir Nuwe SA.* Beeld 11, Augustus 3.

PRINSLOO T en GREYLING F (1993). *Volkstaters kon 'Nie oor Grense ooreenkom nie'.* Beeld 11, Augustus 3.

REGERING (1993). *Die Voorstelle van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika oor Grense vir Streke om Streekregering in Suid-Afrika te vestig.* Julie.

STEYN JN (1976). *Ruimtelike Ordening - 'n Ekonomies Geografiese Perspektief.* Van Schaik, Pretoria. 337p.

STEYN PJ (1992). *Grensafbakening van Gereformeerde Gemeentes binne die Geografiese Gebiede van Klassis Krugersdorp en Klassis Griekwaland-Wes: 'n Fisiese Beplanningsondersoek.* Potchefstroom. 276p. (Verhandeling M Art et Sc (Beplanning) PU vir CHO)

VAN DER LINDE GPL (1983). *Die Kerkorde - 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde.* Potchefstroomse Teologiese Publikasies, Potchefstroom. 278p.

VAN DER MERWE IJ (1983). *Die Stad en sy Omgewing.* Universiteits-uitgewers en Boekhandelaars, Stellenbosch. 250p.

VAN DER MERWE WJ (1991). Emeritus-predikant Gereformeerde Kerk Vereeniging.